

GEDRAGSKODE VIR HOËRSKOOL SASOLBURG

Die volledige Dissiplinêre kode is ter insae by die skool of op www.sasolburghigh.co.za

ALGEMENE SKOOLREÛLS

1. Indien 'n leerder afwesig was, moet hy die volgende skooldag 'n brief van sy ouers aan die registeronderwyser oorhandig. Indien hy afwesig is vir 'n toets of eksamen of vir langer as drie dae moet 'n doktersertifikaat ingehandig word. Dieselfde reëling geld wanneer 'n detensiesitting om mediese redes gemis word.
2. Die skool begin soggens om 07:25 en leerders moet betyds wees.
3. Geen leerder mag gedurende die skooldag die skoolterrein verlaat sonder toestemming van die graadvoog nie. Leerders moet deur 'n ouer of voog uitgeteken word by die kantoor voordat hulle die terrein mag verlaat.
4. Leerders wie se dissiplinêre punte tot 50 of meer akkumuleer, moet op Vrydagmiddae 'n 2 uur detensiesessie bywoon. Alle ernstige oortredings (125) moet ook 'n detensiesitting bywoon, maar geen punte word in die geval verwyder nie.. Geen uitsondering sal gemaak word nie en geen uitstel kan verleen word nie.
5. Verwissingel van klasse moet vinnig en ordelik geskied. Geen geskree, gefluit of gesing word toegelaat nie. As die tweede klok lui, moet leerders by die klas wees.
6. Geen leerder mag die voorportaal as 'n deurloop gebruik nie.
7. Geen leerder word in die afrolkamer, personeelkamer of kombuis toegelaat nie.

REÛLS VAN TOEPASSING OP DOGTERS

1. Onder geen omstandighede sal die dra van JUWELIERSWARE (horlosies uitgesluit), of grimering by die skooluniform toegelaat word nie. Ooringe, neusringe, oogringe, kenringe en gekleurde armbande word nie toegelaat nie. Ook nie plaasvervangers soos borselhare ens. nie.
Alle juwele sal gekonfiskeer word en teen die einde van die jaar terugbesorg word.
2. Geen ooringe/juwele mag aan klere vasgesteek word nie. Slegs skoolwapens op lapelle.
3. Indien die hare lank genoeg is om vasgebind te word moet dit vasgebind word. Die skoolhoof behou homself die reg van diskresie voor.
4. Dogters se haarknippies, kamme en linte moet bruin of beige wees saam met skooldrag; wit, maroen, navy en geel saam met sweetpak/sportdrag.
5. Die skoolhoof behou hom die reg voor om te bepaal of 'n haarstyl/-kleur gewens is al dan nie. Geen uitspattige kleure word toegelaat nie.
6. Hare mag nie in die oë/gesig hang nie.
7. Haarlinte ens. - slegs effekleurig - geen silwer, goud, vlinders ens. nie.
8. Lang en gepoleerde naels is verbode.
9. Skoene: slegs bruin amptelike skoolskoene met 'n toe hak.
10. Skoene moet skoon en gepoleer wees.
11. Dasse moet netjies geknoop wees en mag nie loshang nie. Geen kort dasse nie.
12. Hemde wat onder skoolhemde gedra word mag nie uitsteek/deurskyn nie.
13. Slegs spelers wat eerstespanne verteenwoordig mag eerstespanklere dra.
14. Dogters se rompe mag nie nouer gemaak word nie.

REÛLS VAN TOEPASSING OP SEUNS

1. Onder geen omstandighede sal die dra van JUWELIERSWARE (horlosies uitgesluit) by die skooluniform toegelaat word nie. Ooringe, neusringe, oogringe, kenringe en gekleurde armbande word nie toegelaat nie. Ook nie plaasvervangers soos borselhare ens. nie. Alle juwele sal gekonfiskeer word en teen die einde van die jaar terugbesorg word.
2. Geen ooringe/juwele mag aan klere vasgesteek word nie. Slegs skoolwapens op lapelle.
3. 'n Seun moet elke dag skoongeskeer wees.
4. Seuns moet 'n netjiese haarstyl hê. Die diskresie van netheid al dan nie van hare berus by die skoolhoof.
5. Hare mag nie in die oë/gesig hang nie.
6. Skoene moet skoon en gepolitoer wees.
7. Dasse moet netjies geknoop wees en mag nie loshang nie. **Geen** kort dasse nie.
8. Slegs skoolkouse is toelaatbaar.
9. Broekspyppe mag nie nouer gestik of afgesny word nie.
10. Hemde wat onder skoolhemde gedra word mag nie uitsteek/deurskyn nie.
11. Slegs spelers wat eerstespanne verteenwoordig mag eerstespanklere dra.

INTERPRETASIE VAN REËLS

1. Nieteenstaande enigiets tot die teendeel hierin vervat of nie hierin vervat nie, sal die besluit of enige reël in 'n bepaalde geval oortree word, berus by die beheerliggaam of skoolhoof na gelang van die geval.
2. Die besluit al dan nie of 'n leerder ten tye van 'n vermeende of werklike oortreding onder die gesag van die skoolhoof was al dan nie, sal uitsluitlik by die skoolhoof berus.

SLEGS AMPTELIKE SPORTHEMP VIR AKTIWITEITSPERIODES.

SEUNS WINTER- EN SOMERSDRAG

Vaalbruin langbroek, roomkleurige lang- of kortmouhemp.

Skoodas

Vaalbruin kouse, goedgekeurde bruintoeryskoene

Driekleurige oortrektrui, langmoutrui, donkerbruin skoolbaadjie.

'n Goedgekeurde bruin gordel of bypassende broekgordel moet gedra word.

GEEN KLEDINGSTUK WAT BOTS MET DIE VOORGESKREWE SKOOLDRAG MAG GEDURENDE SKOOLURE/SKOOLFUNKSIES GEDRA WORD NIE.

DOGTERS SOMERSDRAG

Voorgeskrewe bruin 6-baan romp met gordel.

Roomkleurige kortmouhemp.

Skoodas.

Donkerbruin kort skoolkouse, donkerbruin skool kniekouse, of donkerbruin kleeftkouse.

Bruin veter of bandjie skoene:

- moet gepolitoer kan word (geen suede)
- mag nie stewels wees nie (onderkant die enkels)
- mag nie 'n platform sool hê nie (maksimum 2 cm)
- moet bruin veters hê,
- mag nie ander kleure insetsels en patroontjies hê nie.

DOGTERS WINTERSDRAG (UITGAANDRAG EN FOTODRAG)

Alle leerlinge wat die skool by enige funksie verteenwoordig, moet in volle wintersdrag geklee wees.

Voorgeskrewe bruin 6-baan romp met gordel. Roomkleurige langmouhemp.

Skoodas.

Donkerbruin kleeftkouse, donkerbruin skool kniekouse of donkerbruin skool kort kouse.

Donkerbruin formele baadjie en/of driekleurige oortrektrui/langmoutrui.

Donkerbruin voorgeskrewe langbroek met rits, band en naatstiksels mag slegs in die wintermaande gedra word. Dit geld nie as uitgaandrag of fotodrag nie, selfs nie in die wintermaande nie.

GEEN ANDER KLEDINGSTUKKE MAG GEDURENDE OF NA SKOOLURE SAAM MET SKOOLDRAG GEDRA WORD NIE.

EREKLEURE

Erekleurewapens kan d.m.v. 'n magtigingsbriefie by die skool se finansiële afdeling gekoop word.

Half-erekleuredasse kan d.m.v. 'n magtigingsbriefie by die skool se klerewinkel gekoop word.

SPORTDRAG (SEUNS EN DOGTERS)

Slegs amptelike sporthemp op aktiwiteitsdae.

Maroon Carpe Diem-broek

Skoolsweetpak.

Wit kouse.

Sportoefenskoene: oorwegend wit, grys of blou.